**Saterdag 10 November**

| Skrifgedeelte: Sagaria 1:18-21 | Fokusgedeelte: Sagaria 1:20 |
|---|---|

# Geen maghebber kan voor God bly staan nie!

Juda word van verskillende kante bedreig. Daar is magtige volke wat Juda, die volk van God, wil vernietig. Sagaria sien in sy tweede naggesig vier horings wat die krag en mag van die sterk, vyandige volke rondom verteenwoordig. Dit lyk na ’n angswekkende gesig met min uitkoms.

Sagaria sien self die vier horings, maar die Here *laat* hom ook iets anders sien: vier am-bagsmanne wat opdrag het om die regeerders van die vyandige volke nie net die skrik op die lyf te jaag nie, maar om hulle tot ’n val te bring. Dit is die bevestiging van die eerste naggesig wat die Here gegee het. Hy gaan uit liefde vir sy volk losbreek teen die nasies wat sy volk so verdruk het (Sag. 1:15).

Mense kan hulle soms so vaskyk teen die negatiewe en die bedreigings van die lewe dat die lewe somber en uitsigloos raak. God open die oë, soos Sagaria, om mense te *laat* sien: Daar is ’n heerlike ander kant van die lewe, die groter prentjie van God se liefdevolle sorg en bemoeienis met sy kinders. Al kan ons dit nie altyd met die eerste oogwink sien nie, moet ons weet: Hy doen altyd wat Hy belowe het!

Horings van diere wys hulle krag en mag, maar hulle is magteloos teen ambagsmanne met gereedskap wat hulle kan onthoring! Selfs al word die horings van yster gemaak, die ambagsmanne weet presies hoe om selfs ysterhorings tot niet te maak!

Mense en maghebbers wik, maar God beskik!

*Sing: Psalm 68-1:9*

*Dr. RM (Rudolph) van der Merwe (Parys)*